# DIE SWART LUIPERD



No. 51
Vlam van Wraak

MEIRING FOUCHE

'n Tweede skoot tref hom byna onmiddelik. Dan 'n derde en 'n vierde en 'n vyfde. Dalk was dit die gevaarlike nabyheid van die monster. Dalk was dit die vrees vir die dood.

Maar toe hy die tweede skoot aftrek, is dit asof hy 'n blinde, redelose masjien geword het. Sy voorvinger bly net die sneller trek. Hy trek en laai, trek en laai. Hy skiet totdat die gorillamannetjie net 'n vormlose bloeiende massa is wat daar in die ingang van hul spelonk neergestort het.

Selfs toe hy geen patroon meer oor het nie, bly André le Mans nog steeds die dubbelloop laai en die sneller trek. . . . . .

Hy besef nou dat hierdie aaklige vyand van die oerwoud geen lewe meer oor het nie. Hy lê roerloos daar in die ingang en sy donker bloed vloei stadig uit sy liggaam oor die sagte grond wat die bodem van hul houtgrot uitmaak.

Stofomslag: Chris du Plooy

# DIE SWART LUIPERD



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Waar is Bana? | 3 |
| 2. | Krisis aan Boord | 14 |
| 3. | 'n Man Sterf | 23 |
| 4. | Vreemde Raaisel | 34 |
| 5. | Dreigende Skadu | 44 |
| 6. | Nood in die Nag | 53 |
| 7. | Vlamme van Wraak | 61 |
| 8. | Bittere Reis | 70 |
| 9. | Die Ape Kom | 77 |
| 10. | Doepa so Dodelik | 86 |


## Hoofstuk 1

## WAAR IS BANA

Onder die seil beskutting op die agterdek van die groot rivierboot word die Swart Luiperd stadig uit sy diep slaap wakker. 'n Oomblik lê hy roerloos sodat sy gees die werklikheid heeltemal om hom kan opneem. Hy lê en luister na die diep egalige dreuning van die motore, na die slag van water teen die kant van die boot. Toe word hy bewus van die onmiskenbare gesnork van 'n seekoei en ver in die agtergrond hoor hy die geluide van die oerwoud. Hy hoor 'n voël skreeu. Hy hoor 'n hoë uitdagende geroep van 'n Kongo-aap, en dan hoor hy weer die opgewonde gepraat van die inboorlinge wat hierdie boot bestuur. Hy draai op sy sy en oor die klein agterdek kyk hy weg, oor die kalm vloeiende donkerbruin water van die groot rivier van Afrika. Agter hulle slaan die skroef die water tot 'n wit skuim en hy bemerk dat hulle hier byna in die middel van die rivier vaar. En met dankbaarheid en ook met hunkering kyk hy na die ver groen soom van die oerwoud wat stadig by hulle verby skuif, en hy voel hoe die bloed in sy are bruis omdat hy weet dat hy nou weer in die wêreld is wat hy so lief het. Die wêreld van die ongerepte woud waar daar in elke tree vir jou 'n nuwe ontdekking skuil.

Dit voel vir hom asof daar hierdie keer aan hom 'n uitdaging gestel is. Die oerwoude van Oos-Afrika het hy al kruis en dwars deurreis en hy ken dit soos die binnekant van sy hand. Maar hierdie deel van die Kongo-oerwoud is vir hom soos 'n geslote boek. Hy voel soos 'n ontdekkingsreisiger wat 'n totaal onbekende wêreld gaan betree. 'n Ligte siddering van opgewondenheid gaan deur sy groot en kragtige liggaam. Die gevare van Oos-Afrika ken hy. Hy ken die lis van die luiperd, hy ken die woede van die Leeu, hy ken die stille, gevaarlike krag van die groot Luislang en hy ken die

dodelike humeurigheid van die buffel of die verpletterende opsetlikheid van die olifant.

Maar die gevare van hierdie Kongo-oerwoud ken hy nie so goed nie. Hier is nog primitiewe barbare wat jou met 'n gifpyl tussen jou skouers sal skiet net omdat jy anders lyk. Hier is die land van die groot Gorilla wat jou tussen sy hande kan breek. Hier is die tuiste van onbekende reptiele wat geruisloos uit 'n boom kan glibber en op jou afstort nog voordat jy weet waar jy is.

Die Luiperdman sit regop want hy het sy twee tiers, Spikkels en Simson, hoor roep. Sy groot swart hings, ou Donker, het sy welkome gerunnik laat hoor. Spikkels en Simson is in 'n groot houtkrat heeltemal op die agterstewe van die boot. Ou Donker staan aan 'n paal vasgemaak aan die kant van die seilbedekking wat hier op die Kongo-rivierboot dag en nag oopgesprei gehou word.

Die Luiperdman het nou klaar geslaap. Hy wil sy diere nou kos gee. Daarom staan hy dadelik op, rol sy kooigoed op en bind dit vas. Hierdie is vir hom die laaste dag op die rivierboot en daaroor is hy dankbaar, want dit is nou al baie dae dat hy op hierdie rivierboot gekluister sit met sy drie diere. Hy wil nou weer vaste grond onder sy voete voel. Hy wil nou weer deur die sagte koelte van die oerwoud beweeg om nuwe wondere te aanskou wat tot dusver vir hom verborge was.

Vir sy twee tiers het hy gister by 'n klein rivierhawe 'n klomp wildsvleis gekoop en dit sommer op die dek in die koelte neergesit onder 'n klomp goiingsakke. Hy gaan sny vir hulle daarvan en gaan gee vir hulle. Hulle eet ywerig en dankbaar aan hul kos. Hy het ook nog 'n halfsak hawer en hy gaan skud 'n klomp daarvan vir ou Donker uit. En toe die perd begin vreet, streel die Luiperdman hom oor die maanhaar. ,,Ou swarte,'' sê hy vir Donker, ,,jy sal jou wat verbeel as jy moet hawer vreet. 'n Mens sou sê jy is 'n resiesperd.'' Donker tel maar net sy kop op en vreet behaaglik aan die hawer. Die Luiperdman vryf tussen sy oë. ,,Toemaar ou kêrel,'' troos hy hom. ,,Nog net vandag, dan is ons weer op vaste bodem. Dan kan jy proe hoe smaak die gras van die Kongo.''

,,Wat 'n pragtige perd om op 'n rivierboot in die Kongo te sien!''

Die Luiperdman swaai verbaas om want die stem wat hom toespreek, is die sagte en melodieuse stem van 'n vrou.

En nadat hy omgeswaai het, is hy skoon uit die veld geslaan. Voor hom staan een van die pragtigste vroumense wat hy nog ooit in sy lewe gesien het. Sy het groot, gevoelige swart oë, 'n liggaam wat selfs vir Marilyn Monroe in die skande sal steek en gitswart glinsterende hare wat welig onder haar klein wit sonhelm uitval. Haar kakiehemp en nousluitende kakiebroek is krakend skoon.

Maar wat die groot oerwoudman die meeste tref, is die pragtige glimlag waarmee sy hom begroet. Daar is twee diep kuiltjies op haar bruin wange en haar egalige tande skitter soos juwele.

Hy kry onmiddellik die indruk dat sy Frans moet wees. Dit het hy afgelei uit haar aksent.

,,Ek. . . ek het gemeen. . .''

,,U het gemeen u is die enigste blanke opvarende nie waar nie?''

,,Dit is so,'' sê die Swart Luiperd en hy kan nie help om te lag nie. ,,Altans, tot gisteraand toe ek kom slaap het, was ek, sover ek weet, die enigste blanke reisiger op hierdie vaartuig.''

,,Dit is korrek,'' sê sy. ,,Ek het maar eers later in die aand opgeklim. My naam is madame Julie le Mans.''

Hy steek sy groot hand uit en skud haar hand. ,,Aangename kennis, madame,'' sê hy met 'n klein buiging. Toe hy na haar opkyk, sien hy in haar oë dat sy verwag dat hy homself moet voorstel.

,,En ek is bekend as die Swart Luiperd,'' sê hy op Engels.

,,Die Swart Luiperd?'' vra sy verbaas.

,,Dit is soos ek algemeen bekend is,'' antwoord hy. ,,Ek is

eintlik 'n oerwoudreisiger."

,,Hoe romanties!" roep Julie le Mans uit. ,,Is u nie 'n jagter nie?"

,,Nee, 'n jagter is ek nie," antwoord hy. ,,Ek is maar net 'n liefhebber van die oerwoud en sy inwoners."

,,En waar kom u vandaan?" vra sy.

,,Ek is 'n Suid-Afrikaner. En hierdie is my maats op my reise deur die oerwoud. My perd en my twee jagluiperds."

Sy kyk stom van verbasing na hom. ,,En hulle reis saam met u deur die oerwoud?"

,,Dit is korrek. Waar ek gaan, gaan hulle."

,,Laat ons gaan sit," sê sy. ,,U moet my meer hiervan vertel. Dit is so ongelooflik interessant om so iemand hier in die Kongo raak te loop."

Hulle stap na 'n houtbankie aan die kant van die boot en gaan daarop sit. ,,Is u glad nie bewapen nie?" vra sy.

,,O, ja, ek het my wapens," antwoord die Luiperdman. ,,'n Pyl-en-boog."

Sy slaan haar hande saam en lag vrolik en giggelend. Haar lag klink soos die gerinkel van 'n suiwer klok bo die sagte geklots van die water teen die boot. ,,'n Pyl-en-boog?" roep sy uit en haar oë is groot. ,,U trotseer al die gevare van die oerwoud met 'n pyl-en-boog?"

Die groot man lag skugter en kyk op sy hande af. ,,Wel," sê hy, ,,ek het darem nog 'n jagmes ook."

,,Magnifique!" roep sy uit en slaan haar hande saam. Toe betrag sy hom noukeuriger en sy besef dat hierdie seker een van die aantreklikste en een van die pragtigste mans is wat sy nog ooit in haar lewe gesien het. Sy kyk na sy ontsaglike skouers, na die sluimerende krag in sy liggaam wat tog ook so lenig is. By hom is dit net 'n geval van been en spier. Sy groot, kragtige en tog gevoelige hande interesseer haar. En sy welige donker hare herinner haar aan een of ander rolprentster wat sy iewers gesien het.





,,Mag ek vra waarheen u op pad is?" vra Julie le Mans. ,,Dit is so vreemd om 'n man soos u op 'n rivierboot hier in die Kongo te sien. En dit nogal met 'n pragtige swart ryperd en twee mak luiperds."

,,Vandag is my laaste dag op die boot," antwoord die Swart Luiperd. ,,Teen die aand se kant sal ek die boot verlaat en die oerwoud binnegaan."

,,Is daar enigiets spesiaals waarna u op soek is?"

,,Om die waarheid te sê," antwoord die Oerwoudman, ,,het ek hierdie keer gekom om die okapi 'n slag van naderby te kom bekyk."

,,O," sê sy, ,,daardie skugtere dier wat so min mense nog gesien het?"

,,Dit is korrek. Jy kan jouself baie gelukkig ag as jy die okapi in lewende lywe gesien het. Dit is omtrent die skugterste en skelmste dier wat bestaan. Hulle sê hy is so geslepe dat hy 'n paar tree van jou af kan staan sonder dat jy hom gewaar. Maar dit was nog altyd een van my grootste begeertes om die okapi werklik van naby te aanskou."

,,Hoe interessant!" roep sy uit en aan haar hele houding sien hy 'n eienaardige opgewondenheid, afwagting van iets aangenaam en belangrik.

,,En ry u al van die see af op hierdie rivierboot?" vra sy.

,,Genade, nee!" antwoord hy glimlaggend. ,,Dit sou darem verskriklik gewees het. Nee ek het per vliegtuig tot in Leopoldstad gekom en daar het ek die rivierboot gehaal." Hy kyk onderlangs na haar. ,,En mag ek vra wat 'n aantreklike Franse dame soos u stoksiel-alleen op 'n rivierboot maak?"

,,'n Billike vraag," antwoord sy. ,,Ek het ook gevlieg tot op Leopoldstad. Daarvandaan het hulle my met 'n private vliegtuig na 'n landingsbaan hier in die oerwoud gebring. Daar het ek laat

gisteraand op die rivierboot geklim omdat daar nie 'n landingsbaan naby die plek is waar my man werk nie."

,,U man?"

,,Ja, my man," sê sy en haar oë skitter. ,,My man is dr. André le Mans. Hy arbei onder die inboorlinge."

,,'n Mediese dokter?"

,,Dit is korrek," sê sy, ,,maar hy is nie net 'n mediese dokter nie," sê sy. ,,Hy is ook 'n soort van 'n Sendeling. Hy werk onder een van die primitiefste stamme van die hele Kongo. Hy probeer hulle nie alleen gesond maak wanneer hulle siek is nie, hy probeer hulle nie alleen teen siektes beskerm nie, maar hy probeer hulle ook nader bring aan die beskawing."

,,Wat 'n wonderlike roeping," sê die Swart Luiperd.

,,Ja, dit is wonderlik," antwoord Julie. ,,Dit is daarom dat ek hom gevolg het hierheen. U sien, hy het drie maande gelede met 'n kort vakansie na Parys gekom en daar is ons getroud. Ons het afgespreek dat ek hom sou volg en by hom kom woon. Ek het my intussen as verpleegster bekwaam sodat ek hom kan help. Dink u dit is onverstandig van my om dit te doen?"

Die Swart Luiperd kyk aandagtig na die pragtige vrou. ,,Ek dink jy is baie dapper, madame," sê hy. ,,Die oerwoud stel hoë eise. Die arbeid onder hierdie primitiewe stamme verg geduld, moed, en volharding en dapperheid. Vir iemand soos u kan ek net die grootste bewondering hê."

,,Die Kongo is nie sonder sy gevare nie, nie waar nie?"

,,Ek is bevrees dat dit so is," antwoord die Swart Luiperd. ,,Hier tref gevare 'n mens dikwels uit die eienaardigste oorde. Jy het nie alleen te doen met die gevare van die oerwoud nie, maar ook met die onverklaarbare opvattinge van sy inwoner. Maar ek wil u nie ontmoedig nie. Ek is seker daarvan dat u vir u man baie werd sal wees. Miskien word hy nog 'n tweede dokter Schweitzer hier in die donker woude van Afrika."





,,Dankie vir die bemoediging," sê sy met 'n weemoedige glimlaggie en die Luiperdman kan sien dat daar net 'n sweem van vrees in haar mooi oë is. ,,Ek is al so haastig om by hom te wees," sê Julie.

,,Dit kan ek verstaan."

,,Ek het vir hom terselfdertyd heelwat mediese voorraad saamgebring wat hy per brief aangevra het. Dit is nog 'n rede waarom ek so haastig is om by hom te kom."

,,Wanneer verwag u om daar te wees?" vra die Swart Luiperd.

Sy trek haar skouers 'n bietjie onseker op. ,,Ek is veronderstel om later vanmiddag by die landingsplek te kom. O, ek is so opgewonde," en daar is spanning in haar liggaam. ,,André sal daar wees om my te ontmoet. Dan is dit nog 'n kort trek deur die oerwoud en dan is ons daar."

,,Ek kan heeltemal verstaan dat u opgewonde is," sê die Oerwoudman. ,,Dit is eienaardige toeval dat ek my ook na hierdie wêrelddeel gaan begeef en dat ek blykbaar naby die plek sal uitkom waar u man werk. Want my plan is om teen sononder se kant die boot te verlaat."

,,U kan gerus vir ons kom kuier," sê Julie. ,,My man sal blanke geselskap baie waardeer."

,,Dit is moontlik dat ek by u plek 'n draai sal maak. Voordat u die boot verlaat, moet u my net 'n aanduiding gee waar dit naasteby is."

Meteens staan sy op en die vae geur van reukwater tref die Swart Luiperd.

,,Ek wil na daardie twee luiperds gaan kyk," sê Julie.

,,Seker," sê die Oerwoudman, staan ook op en stap saam met haar na die hok. Spikkels en Simson is klaar met hul maaltyd. Net toe die twee nader kom, staan die twee diere op en druk hul gesigte teen die kant van die krat. Die Luiperdman steek sy hand uit en

streel hulle om die beurt oor hul koppe.

,,Fantasties,'' sê Julie. ,,Hulle is so mak soos poedels.''

,,Hulle kan mak wees,'' sê die Swart Luiperd, ,,maar hulle kan ook gevaarlik wees as daar gevaar is. Hulle het al baie maal my lewe gered. Ek is al so haastig om die boot te verlaat want dit is vir my pynlik om hulle so op te sluit.

Hulle hou daarvan om vry te wees om te beweeg. Nie om so opgesluit te sit nie.''

Julie le Mans bewonder die twee mak luiperds 'n rukkie en toe sê sy skielik: ,,Ek sal dit waardeer as u saam met my die ontbyt wil kom geniet.''

,,Dit sal aangenaam wees,'' sê die Oerwoudman. ,,Van Leopoldstad af was ek die enigste blanke op hierdie rivierboot en die tyd het my ontsettend verveel. Dit is jammer dat jy nie vroeër opgeklim het nie. Dan kon ons mekaar geselskap gehou het.'' Sy glimlag vir hom en stap weer onder die koelte van die seilbedekking in. ,,As u so 'n oomblikkie wag,'' sê Julie, ,,gaan ek net gou vir Bana sê hy moet vir ons iets maak om te eet.''

,,Bana?''

,,Bana,'' sê Julie, ,,is een van my man se getrouste skepsels. Hy het hom spesiaal met die rivierboot afgestuur tot waar ek opgeklim het sodat hy my kon versorg. My man het vir my geskryf dat Bana volkome betroubaar is, dat hy 'n goeie kok is en dat hy goed vir my sal sorg op hierdie reis. En blykbaar is dit ook so want vandat ek gistermiddag by die landingsbaan geland het, het Bana alles op hom geneem en alles vir my georganiseer. Gisteraand, voordat ek gaan slaap het, het hy vir my 'n heerlike koppie kakao gemaak. Ek gaan net gou vir hom sê om vir ons twee ontbyt te maak.''

Toe stap sy vinnig weg en die Luiperdman kyk haar agterna. Hy voel effens verbysterd dat hierdie ongelooflik skone stadsvrou dit gaan waag om die ligte en die musiek van Parys te verruil vir die





stomende, gevaarlike oerwoud waar die dood om elke draai, agter elke groot blaar op jou wag. Toe stap hy na die kant van die boot en tuur af na die swaaiende waters van die Kongo. En terwyl hy daar so staan, dink hy daaraan dat die liefde 'n krag is wat voorwaar veel kan vermag.

Die Swart Luiperd word tot die werklikheid terug geroep toe hy vinnige voetstappe agter hom hoor. Hy draai om daar by die reling waar hy staan en hy kyk vas in die gesig van Julie le Mans. Daar gaan meteens 'n skok deur sy liggaam. In die oë van die jong vrou sien hy vrees en verwarring. Dit lyk asof sy enige oomblik aan die huil kan gaan.

,,Wat is verkeerd, madame?'' vra die Luiperdman.

,,Ek weet nie,'' sê sy en skud haar kop. ,,Ek kan dit nie verstaan nie.''

,,Wat kan u nie verstaan nie?''

,,Bana,'' sê sy. ,,Bana is nie hier nie.''

Die Luiperdman beweeg nader aan haar. ,,Hy is nie hier nie? Nie op die boot nie?''

Sy skud haar kop heftig sodat haar swart hare swaai en sy byt haar lip vas. ,,Ek kry hom nêrens nie,'' sê sy.

,,Maar dit kan nie wees nie. U sê hy het gisteraand saam met u opgeklim?''

,,Hy het,'' sê sy. ,,Soos ek sê hy het nog vir my 'n koppie kakao gebring toe ek gaan lê het.''

,,Hoe lyk hy?'' vra die Swart Luiperd.

,,Hy is 'n groot, kragtige inboorling met 'n litteken op die wang. 'n Mens sal hom dadelik herken, al staan hy ook tussen 'n honderd ander inboorlinge.''

,,Nou wat kan dan van hom geword het?'' sê die Oerwoudman.

Hy stap dadelik na die voorkant van die boot. Hy loop na die stuurman. Die skepsel kan Engels verstaan. Die Luiperdman vra